Persverklaring

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

KPMG-WÊRELD-VOERTUIGPEILING GROOT HOOGTEPUNT BY AUTOMECHANIKA SA HANDELSKOU

Die aanbieding van KPMG se 2009-wêreldwye peiling van hoofde in die voertuigbedryf sal een van die baie belangrike gebeurtenisse by die heel eerste Automechanika Suid-Afrika-handelskou vir die naverkope-mark wees wat van 18 tot 21 Maart 2009 by die Expo-sentrum, Nasrec, gehou word. Dié aanbieding sal op 20 Maart by ’n ontbytonthaal (7:15 vir 8:00) by die Expo-sentrum gedoen word.

Die wêreldwye KPMG-peiling word jaarliks van 1999 af onderneem, en KPMG Suid-Afrika het sedert 2002 die plaaslike aanbieing daarvan gereël. Die uitslae van aanstaande jaar se peilinguitslae sal ongetwyfeld die belangrikste nog wees aangesien die wêreld se motorbedryf die grootste uitdaging in die geskiedenis in die gesig staar om te oorleef.

Trouens, die huidige situasie in die voertuigbedryf is só ernstig dat die uitvoerende hoof van die Fiat-groep, Sergio Marchionne, selfs so ver gegaan het om in ’n artikel in die tydskrif Automotive News te sê dit is moontlik dat net ses groot wêreldwye vervaardigers – dié wat minstens 5,5 miljoen voertuie per jaar produseer – oor twee jaar sal oorbly.

KPMG het die omvang van sy gesaghebbende peiling vanjaar uitgebrei en 12 bykomende lande tot die oorspronklike lys gevoeg. Amptenare van die volgende lande is vir die peiling ondervra: Australië, China, Indië, Japan, Korea, Thailand, die Tseggiese Republiek, Frankryk, Duitsland, Italië, Pole, Rusland, Slovakye, Suid-Afrika, Spanje, Swede, Switzerland, die Verenigde Koninkryk, Brasilië, Kanada, Meksiko en die Verenigde State.

Van die belangrikste punte in die 2009-peiling sal wees:

- Produkgehalte
- Wêreld-ekonomie
- Vermindering van koste
- Nuwe tegnologie
- Nuwe produkte

Ander afdelings wat deel van die 2008-peiling was en moontlik weer in die 2009-peiling bekyk sal word, sluit in: voertuig-herstrukturering, winsgewendheid, kostebesparing, bankrotskap, belegging in die samesmeltings en oornames in die bedryf sowel as ’n her-evaluering van betrokkenheid in nuwe en ontwikkelende markte.

Dit is verbasend hoe vinnig ’n situasie kan verander, aangesien die inleiding tot die 2008-peiling genoem het die gemoedere onder die bedryf se hoofde besig was om meer positief te word na verskeie jare waar die bedryfshoofde besorg was, met onderdrukte verwagtinge vir die toekoms. Daar was ook positiewe boodskappe oor belegging, groei en winsgewendheid in ontwikkelende markte.

- Nog inligting is beskikbaar by Gavin Maile, leier van die KPMG-voertuigbedryfpeiling, by +27 11 647 7165 of gavin.maile@kpmg.co.za